

# Modelantwoorde vir die Transportbesorgingseksamen

## Mei 2014

### Deel 1 Selfstudie Aktekursus

---

#### Vraag 1 - Modelantwoord <sup>1</sup>

[85]

##### 1.1.1 Beskrywing van die partye soos dit sal verskyn in die aansoek vir die uitreiking van 'n sertifikaat van verenigde titel:

Ons, die ondergetekendes,

- 1 Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
en  
Nonaindia Nxumalo  
Identiteitsnommer 590130 0030 00 7  
getroud binne gemeenskap van goed met mekaar  
en  
Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
getroud kragtens gewoontereg
  
- 2 Irene Ferreira in my hoedanigheid as trustee en behoorlik daartoe gemagtig kragtens 'n besluit van die trustees van die Irene Trust  
Registrasienommer IT12/2000  
welke trustees behoorlik daartoe gemagtig is kragtens magtigingsbrief uitgereik deur die Meester van die Hooggeregshof, Pretoria op 15 April 2000
  
- 3 Joe van den Berg in my hoedanigheid as direkteur en behoorlik daartoe gemagtig kragtens 'n besluit van ABC (Edms) Bpk  
Registrasienommer 1986/000798/07

[5]

---

<sup>1</sup> 'n Soortgelyke vraag is gevra as Vraag 1 in September 2010, deel 1.

### **Sertifikaat van Verenigde Titel <sup>2</sup>**

uitgereik kragtens die bepalings van artikel 40 van die Registrasie van Akteswet 47  
of 1937

NADEMAAL -

- 1 Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
en  
Nonaindia Nxumalo  
Identiteitsnommer 590130 0030 00 7  
getroud binne gemeenskap van goed met mekaar  
en  
Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
getroud kragtens gewoontereg
- 2 die trustees van die Irene Trust  
Registrasienommer IT12/2000
- 3 ABC (Edms) Bpk  
Registrasienommer 1986/000798/07

aansoek gedoen het om die uitreiking aan hulle van 'n Sertifikaat van Verenigde  
Titel kragtens die bepalings van artikel 40 van die Registrasie van Akteswet, 1937;

---

<sup>2</sup> Sien Voorbeeld 9D in Deel 4 van Self-Studie Aktekursus vir prokureurs.

EN NADEMAAL hulle die geregistreerde eienaars is van -

- 1) Die Resterende Gedeelte van Gedeelte 8<sup>3</sup> van die Plaas Lunsklip 105  
Registrasie Afdeling J.T., Provinsie van Mpumalanga  
  
en
- 2) Gedeelte 36 van die Plaas Lunsklip 105  
Registrasie Afdeling J.T., Provinsie van Mpumalanga

Beide eiendomme gehou kragtens Akte van Transport T 10/1993, wat verenig is tot die grond hieronder beskryf.

SO IS DIT DAT ingevolge die bepalings van genoemde Wet, ek, die Registrateur van Aktes te Mpumalanga, Nelspruit sertifiseer dat voornoemde -

- 1 Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
en  
Nonaindia Nxumalo  
Identiteitsnommer 590130 0030 00 7  
getroud binne gemeenskap van goed met mekaar  
en  
Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
getroud kragtens gewoontereg
- 2 die trustees van die Irene Trust  
Registrasienommer IT12/2000
- 3 ABC (Edms) Bpk  
Registrasienommer 1986/000798/07  
hulle erfgename, eksekuteurs, administrateurs of regsverkrygendes of hulle opvolgers in amp of regverkrygendes of hulle opvolgers in titel of regsverkrygendes,

die geregistreerde eienaars is van -

Gedeelte 37 van die Plaas Lunsklip 105  
Registrasie Afdeling J.T., Provinsie van Mpumalanga

Groot 75,2163 (vyf en sewentig komma twee een ses drie) hektaar

soos aangedui op aangehegte konsolidasiekaart L.G. nr. A 2876/1994.

---

<sup>3</sup> Of "Die Restant van Gedeelte 8 van die Plaas Lunsklip 105"

Die eiendom hierkragtens gehou is onderhewig aan die volgende voorwaardes:<sup>4</sup>

- i) Not more than one dwelling may be constructed on the property without the written permission of Mark Spark as will more fully appear from Notarial Deed K234/1991.<sup>5</sup>
- ii) Die voormalige Resterende Gedeelte van Gedeelte 8 van die Plaas Lunsklip 105, groot 72,0000 (twee en sewentig komma nul nul nul nul) hektaar,<sup>6</sup> aangedui deur die figuur ABCDEHJKLMNPQRA op aangehegte konsolidasiekaart L.G. A 2876/1994, is onderhewig aan die volgende voorwaardes:<sup>7</sup>
  - 1 a right of way servitude, 6 (six) metres wide, the centre line of which servitude is indicated by the line xy on diagram S.G. No A2876/1994 in favour of the adjacent farm by virtue of Notarial Deed of Servitude No. K593/1986. This right of way servitude has no ancillary rights.<sup>8</sup>
  - 2 A power line servitude, 5 metres wide, in favour of Eskom. The exact route of the servitude has not yet been determined, as will appear from Notarial Deed K60/1985.
- iii) Die voormalige Gedeelte 36 van die Plaas Lunsklip 105, aangedui deur die figuur FGHF op aangehegte konsolidasiekaart L.G. Nr A2876/1994 is onderhewig aan die volgende voorwaardes:<sup>9</sup>

---

<sup>4</sup> Hierdie voorwaardes word gekwalifiseer ooreenkomstig die praktyk in die voormalige Transvaal. Verseker dat u weet wat die praktyk is van die provinsie waar u die eksamen gaan skryf.

<sup>5</sup> Hierdie voorwaarde is dieselfde ten opsigte van al die komponent eiendomme en derhalwe kan die geheel van die gekonsolideerde grond daaraan onderhewig gemaak word, sonder enige kwalifikasie.

<sup>6</sup> Indien die restant gekwalifiseer word, moet die grootte van die restant in die kwalifikasiesin bygevoeg word.

<sup>7</sup> Slegs die Restant van Gedeelte 8 van die Plaas Lunsklip is aan hierdie voorwaarde en serwituut onderhewig en hulle moet derhalwe gekwalifiseer word om dit duidelik te maak.

<sup>8</sup> Hierdie serwituut word onder die opskrif "servitude notes" op die konsolidasiekaart aangedui. Die bykomende inligting op die kaart moet by die beskrywing daarvan gevoeg word wanneer hierdie voorwaarde na die sertifikaat van verenigde titel vorentoe gedra word.

<sup>9</sup> Die voorwaarde en serwituut wat onder hierdie opskrif gelys word is slegs van toepassing op Gedeelte 36 van die Plaas Lunsklip en hulle moet derhalwe gekwalifiseer word om dit aan te dui.

- 1) Not more than 20 head of cattle shall be held on the property without the written consent of the owner of Portion 37 of the Farm Lunsklip, or his successors in title, as will more fully appear from Notarial Deed K12/1990.
- 2) The property is entitled to a right of way servitude over Portion 23 of the Farm Morgenson No 3 Registration Division JT, as will more fully appear from Notarial Deed K6/1992.

En verder onderhewig aan sodanige voorwaardes soos na vermeld staan of na verwys word in voormelde aktes.<sup>10</sup>

En dat, kragtens hierdie sertifikaat, genoemde Siphiso Nxumalo en Nonaindia Nxumalo, getroud soos voormeld, hulle erfgename, eksekuteurs, administrateurs of regsverkrygendes, die trustees van die Irene Trust, hulle opvolgers in amp of regsverkrygendes en ABC (Edms) Bpk, diese opvolgers in titel of regsverkrygendes, nou en voortaan daartoe geregtig is ooreenkomstig plaaslike gebruik, maar behoudens die regte van die Staat.

Ten bewyse waarvan ek, voornoemde Registrateur, hierdie akte onderteken en met die ampseël bekragtig het.

Aldus gedoen en geteken op die kantoor van die Registrateur van Aktes te Mpumalanga, Nelspruit op hede die \_\_\_\_\_ dag van

\_\_\_\_\_ .

\_\_\_\_\_  
Registrateur van Aktes [30]

**LET WEL: Die manier waarop die voorwaardes in die sertifikaat van verenigde titel gekwalifiseer behoort te word indien u eksamen in KwaZulu Natal skryf is as volg:**

**1 MET BETREKKING TOT DIE GEHEEL**

- A** Subject to a right of way servitude, 6 (six) metres wide, the centre line of which servitude is indicated by the line xy on diagram S.G. No A2876/1994 in favour of the adjacent farm by virtue of Notarial Deed of Servitude No. K593/1986. This right of way servitude has no ancillary rights.<sup>11</sup>

<sup>10</sup> Hierdie algemene voorwaardeklousule is nie van toepassing in aktekantore van Kaapstad, King William's Town, Pietermaritburg, Vryburg en Bloemfontein nie.

<sup>11</sup> Aangesien daar geen grondbrief voorwaardes is nie, is die volgende serwitute wat aangedui moet word as synde wat die geheel van die

B Not more than one dwelling may be constructed on the property without the written permission of Mark Spark as will more fully appear from Notarial Deed K234/1991.<sup>12</sup>

2 MET BETREKKING TOT DIE KOMPONENT AANGETOON DEUR DIE FIGUUR ABCDEHJKLMNPQRA OP AANGEHEGTE KONSOLIDASIEKAART LG NR A2879/1994, ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDE:<sup>13</sup>

A power line servitude, 5 metres wide, in favour of Eskom. The exact route of the servitude has not yet been determined, as will appear from Notarial Deed K60/1985.

3 MET BETREKKING TOT DIE KOMPONENT AANGETOON DEUR DIE FIGUUR FGHF OP AANGEHEGTE KONSOLIDASIEKAART LG NR A2876/1994, ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDES:

A Not more than 20 head of cattle shall be held on the property without the written consent of the owner of Portion 37 of the Farm Lunsklip, or his successors in title, as will more fully appear from Notarial Deed K12/1990.

B The property is entitled to a right of way servitude over Portion 23 of the Farm Morgenson No 3 Registration Division JT, as will more fully appear from Notarial Deed K6/1992.

**LET WEL: Die manier waarop die voorwaardes in die sertifikaat van verenigde titel gekwalifiseer behoort te word indien u eksamen in Kaapstad of King William's Town skryf is as volg:**

1 MET BETREKKING TOT DIE FIGUUR ABCDEHJKLMNPQRA OP AANGEHEGTE KONSOLIDASIEKAART LG NR A2879/1994,

---

gekonsolideerde eiendom raak, die bestaande servitute wat op die konsolidasiekaart aangetoon word.

<sup>12</sup> Nadat al die **servitute** wat die gekonsolideerde eiendom raak uiteengesit is, moet die voorwaardes met dieselfde skeppingsakte en wat teen al die kompoente geregistreer is uiteengesit word.

<sup>13</sup> Servitute wat nie op die konsolidasiekaart aangetoon word nie sowel as voorwaardes wat slegs 'n besondere komponent eiendom raak, moet gekwalifiseer word deur die byvoeging van 'n inleidende klousule wat aantoon dat die voorwaardes slegs op die daardie komponent van toepassing is.

ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDES:<sup>14</sup>

A a right of way servitude, 6 (six) metres wide, in favour of the adjacent farm by virtue of Notarial Deed of Servitude No. K593/1986. This right of way servitude has no ancillary rights.<sup>15</sup>

(die middellyn van welke serwituut aangetoon word deur die lyn xy op kaart L.G. Nr. A2876/1994).

B A power line servitude, 5 metres wide, in favour of Eskom. The exact route of the servitude has not yet been determined, as will appear from Notarial Deed K60/1985.

2 MET BETREKKING TOT DIE FIGUUR FGHF OP AANGEHEGTE KONSOLIDASIEKAART LG NR A2879/1994, ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDES

A Not more than 20 head of cattle shall be held on the property without the written consent of the owner of Portion 37 of the Farm Lunsklip, or his successors in title, as will more fully appear from Notarial Deed K12/1990.

B The property is entitled to a right of way servitude over Portion 23 of the Farm Morgenson No 3 Registration Division JT, as will more fully appear from Notarial Deed K6/1992.

3 MET BETREKKING TOT DIE GEHEEL VAN DIE EIENDOM:

A Not more than one dwelling may be constructed on the property without the written permission of Mark Spark as will more fully appear from Notarial Deed K234/1991.<sup>16</sup>

**LET WEL: Die manier waarop die voorwaardes in die sertifikaat van verenigde titel gekwalifiseer behoort te word indien u eksamen in Bloemfontein skryf is as volg:**

---

<sup>14</sup> Voorwaardes en serwitute wat slegs 'n sekere komponent raak, moet gekwalifiseer word deur die byvoeging van 'n inleidende klousule wat aantoon dat die voorwaardes slegs op daardie komponent van toepassing is.

<sup>15</sup> Hierdie serwituut word aangetoon onder die opskrif "servitude notes" op die konsolidasiekaart. Die bykomende inligting op die kaart rakende hierdie serwituut moet bygevoeg word by die beskrywing daarvan wanneer dit na die sertifikaat van verenigde titel vorentoe gedra word.

<sup>16</sup> Aangesien hierdie voorwaarde dieselfde is met betrekking tot beide komponente en dieselfde skeppingsakte het, moet die geheel van die gekonsolideerde eiendom daaraan onderhewig gemaak word.

## ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDES

- 1 Not more than one dwelling may be constructed on the property without the written permission of Mark Spark as will more fully appear from Notarial Deed K234/1991.<sup>17</sup>
  
- 2 DIE KOMPONENT AANGETOON DEUR DIE FIGUUR ABCDEHJKLMNPQRA OP AANGEHEGTE KONSOLIDASIEKAART LG NR A2879/1994, IS ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDES:<sup>18</sup>
  - A a right of way servitude, 6 (six) metres wide, the centre line of which servitude is indicated by the line xy on diagram SG No A2876/1994, in favour of the adjacent farm by virtue of Notarial Deed of Servitude No. K593/1986. This right of way servitude has no ancillary rights.<sup>19</sup>
  
  - B A power line servitude, 5 metres wide, in favour of Eskom. The exact route of the servitude has not yet been determined, as will appear from Notarial Deed K60/1985.
  
- 3 DIE KOMPONENT AANGETOON DEUR DIE FIGUUR FGHF OP AANGEHEGTE KONSOLIDASIEKAART LG NR A2879/1994, IS ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDES:
  - A Not more than 20 head of cattle shall be held on the property without the written consent of the owner of Portion 37 of the Farm Lunsklip, or his successors in title, as will more fully appear from Notarial Deed K12/1990.
  
  - B The property is entitled to a right of way servitude over Portion 23 of the Farm Morgenson No 3 Registration Division JT, as will more fully appear from Notarial Deed K6/1992.

---

<sup>17</sup> Aangesien hierdie voorwaarde dieselfde is met betrekking tot beide komponente en dieselfde skeppingsakte het, moet die geheel van die gekonsolideerde eiendom daaraan onderhewig gemaak word.

<sup>18</sup> Serwitute en voorwaardes wat slegs 'n sekere komponent raak, moet gekwalifiseer word deur die byvoeging van 'n inleidende klousule wat aantoon dat sodanige serwitute en voorwaardes slegs op daardie komponent van toepassing is.

<sup>19</sup> Hierdie serwituut word aangetoon onder die opskrif "servitude notes" op die konsolidasiekaart. Die bykomende inligting op die kaart rakende hierdie serwituut moet bygevoeg word by die beskrywing daarvan wanneer dit na die sertifikaat van verenigde titel vorentoe gedra word.



### **Sertifikaat van Geregistreeerde Titel**

uitgereik kragtens die bepalings van artikel 43 van die Registrasie van Akteswet  
47 van 1937

NADEMAAL -

- 1 Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
en  
Nonaindia Nxumalo  
Identiteitsnommer 590130 0030 00 7  
getroud binne gemeenskap van goed met mekaar  
en  
Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
getroud kragtens gewoontereg
- 2 die trustees van die Irene Trust  
Registrasienommer IT12/2000
- 3 ABC (Edms) Bpk  
Registrasienommer 1986/000798/07

aansoek gedoen het om die uitreiking aan hulle van 'n Sertifikaat van Geregistreeerde Titel kragtens artikel 43 van die Registrasie van Akteswet, 1937, ten opsigte van die hierondergenoemde grond, synde gedeelte van die grond geregistreeer op hulle naam deur Sertifikaat van Verenigde Titel T 25/2006;

SO IS DIT DAT ingevolge die bepalinge van genoemde Wet, ek, die Registrateur van Aktes te Mpumalanga Nelspruit hierby sertifiseer dat voornoemde

- 1 Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0 en  
Nonaindia Nxumalo  
Identiteitsnommer 590130 0030 00 7  
getroud binne gemeenskap van goed met mekaar  
en  
Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
getroud kragtens die gewoontereg  
hulle erfgename, eksekuteurs, administrateurs of regsververkrygendes
- 2 die trustees van die Irene Trust  
Registrasienommer IT12/2000  
hulle opvolgers in amp of regsverkrygendes
- 3 ABC (Edms) Bpk  
Registrasienommer 1986/000798/07  
die se opvolgers in titel of regsverkrygendes

die geregistreerde eienaars is van -

Gedeelte 45 ('n gedeelte van gedeelte 37) van die Plaas Lunsklip 105  
Registrasie Afdeling J.T., Provinsie van Mpumalanga

Groot 2,7814 (twee komma sewe agt een vier) hektaar

Soos aangedui op aangehegte kaart L.G. nr. 2129/2006 en gehou kragtens  
Sertifikaat van Verenigde Titel T 25/2006.

Onderhewig aan die volgende voorwaardes

- i) Not more than one dwelling may be constructed on the property without the written permission of Mark Spark as will more fully appear from Notarial Deed K234/1991.<sup>20</sup>

---

<sup>20</sup> Aangesien hierdie voorwaarde van 'n algemene aard is, is geen kwalifikasie nodig nie.

- ii) Die voormalige Gedeelte 36 van die Plaas Lunsklip 105, 'n gedeelte waarvan hiermee geregistreer <sup>21</sup> word, is onderhewig aan die volgende voorwaardes:<sup>22</sup>
- 1) Not more than 20 head of cattle shall be held on the property without the written consent of the owner of Portion 37 of the Farm Lunsklip, or his successors in title, as will more fully appear from Notarial Deed K12/1990.<sup>23</sup>
  - 2) The property is entitled to a right of way servitude over Portion 23 of the Farm Morgenson No 3 Registration Division JT, as will more fully appear from Notarial Deed K6/1992.

EN VERDER ONDERHEWIG aan sodanige voorwaardes as wat vermeld staan of in voormelde aktes na verwys word.<sup>24</sup>

EN DAT, kragtens hierdie sertifikaat genoemde Siphiso Nxumalo en Nonaindia Nxumalo, getroud soos voormeld, hulle erfgename, eksekuteurs, administrateurs of regsverkrygendes, die trustees van Irene Trust, hulle opvolgers in amp of regsverkrygendes en ABC (Edms) Bpk, diese opvolgers in titel of regsverkrygendes, nou en voortaan daartoe geregtig is ooreenkomstig plaaslike gebruik, maar behoudens die regte van die Staat.

Ten bewyse waarvan ek, die Registrateur, hierdie akte onderteken en met die ampseël bekragtig het.

Aldus gedoen en geteken op die kantoor van die Registrateur van Aktes te Mpumalanga Nelspruit op hede die \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_.

\_\_\_\_\_  
Registrateur van Aktes [20]

---

<sup>21</sup> Aangesien ons nie hierdie gedeelte transporteer nie maar 'n sertifikaat van geregistreerde titel uitneem, kan die woorde "'n gedeelte waarvan hiermee getranspoteer word" nie gebruik word nie. Die woorde "'n gedeelte waarvan hiermee geregistreer word" moet gebruik word.

<sup>22</sup> Die vraag bepaal dat die hele onderverdeelde gedeelte binne Gedeelte 36 van die Plaas Lunsklip val. Die voorwaardes wat op Gedeelte 36 van toepassing is sal derhalwe ons onderverdeelde gedeelte raak.

<sup>23</sup> Indien die eiendom wat onderverdeel staan te word aan regte van gebruik en genot onderhewig is wat numeries beperk word, is kwalifikasie nodig. 'n Verwysing na die oorspronklike eiendom waarteen die voorwaarde opgelê is moet na verwys word in die kwalifikasiesin.

<sup>24</sup> Hierdie algemene voorwaardeklousule is nie van toepassing in die Kaapstad, King William's Town, Pietermaritzburg, Vryburg en Bloemfontein aktekantore nie.

TRANSPORTBESORGER  
Erinda Frantzen

## Volmag om transport te gee

Ek, die ondergetekende,

Joe van den Berg in my hoedanigheid as direkteur en behoorlik daartoe  
gemagtig kragtens 'n besluit van  
ABC (Edms) Bpk  
Registrasienuommer 1986/000789/07

nomineer en stel hiermee aan Gabriël Jacobus le Roux en/of Erinda Frantzen  
met mag van substitusie, om as my wettige gevolmagtigde en verteenwoordiger te  
verskyn voor die Registrateur van Aktes te Mpumalanga Nelspruit en daar te  
verklaar dat ek op 22 Junie 2010 kragtens 'n private ooreenkoms verkoop het aan

- 1 Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0 en  
Nonaindia Nxumalo  
Identiteitsnommer 590130 0030 00 7  
getroud binne gemeenskap van goed met mekaar  
en  
Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
getroud kragtens die gewoontereg
  
- 2 die trustees van die Irene Trust  
Registrasienuommer IT12/2000

vir die bedrag van R3 000 000,00 (drie miljoen rand) die ondergenoemde eiendom,  
naamlik:

1/3 (een derde) aandeel in en tot  
Gedeelte 45 ('n Gedeelte van Gedeelte 37) van die Plaas Lunsklip 105  
Registrasie Afdeling JT, Provinsie van Mpumalanga

Groot 2,7814 (twee komma sewe agt een vier) hektaar

Gehou kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Titel T32/2007

ONDERHEWIG AAN die volgende voorwaarde opgelê in klousule 12 van die koop-ooreenkoms gedateer 22 Junie 2010 ten gunste van ABC (Edms) Bpk, Registrasienommer 1986/000789/07:

- i) Die binnegemelde eiendom mag nie verkoop word nie tensy die geregistreerde eienaar die eiendom te koop aangebied het aan ABC (Edms) Bpk en teen 'n prys wat bereken sal word soos beskryf in klousule (ii) hieronder en die aanbod skriftelik van die hand gewys is.
- ii) Die koopprys aangebied kragtens die koopkontrak in paragraaf (i) hierbo, sal vasgestel word deur wedersydse ooreenkoms by gebreke waaraan 'n geswore waardasie van die waarde van die eiendom deur 'n geswore waardeerder, genomineer deur die partye gesamentlik, gedoen sal word. In die geval dat die partye nie op die geswore waardeerder kan ooreenkom nie, sal sodanige geswore waardeerder genomineer word deur 'n senior vennoot van Gawie le Roux Prokureurs van Flindersteeg 451, Lynnwood, of hul opvolgers in titel.

EN OM die genoemde eiendom in volle en vrye eiendom te transporteer aan die gemelde transportnemer; en afstand te doen van al die reg, titel en aanspraak, wat ABC (Edms) Bpk vroeër in en tot genoemde eiendom gehad het en alles te doen ewe en kragtiglik in alle opsigte, as ek kon doen indien persoonlik teenwoordig hierin en beloof ek hiermee om te bekragtig en goed te keur alles wat my gemelde prokureur hieromtrent wettiglik doen uit krag van hierdie akte.

GETEKEN te Nelspruit op 14 Mei 2014.

As getuies:

1 \_\_\_\_\_

2 \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ J van den Berg nms ABC (Edms) Bpk [15]

**Vorm W**TRANSPORTBESORGER  
Gabriël Jacobus le Roux**TOESTEMMING TOT SUBSTITUSIE**

Verleen kragtens die bepalings van artikel 57 van die Aktes Wet, 47 van 1937

**NADEMAAL**

Backbreak Bank Beperk

Registrasienuommer 1960/023159/06

die wettige houer is van Verbandakte B19/2007

gepasseer deur

- 1 Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0 en  
Nonaindia Nxumalo  
Identiteitsnommer 590130 0030 00 7  
getroud binne gemeenskap van goed met mekaar  
en  
Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
getroud kragtens die gewoontereg
- 2 die trustees van die Irene Trust  
Registrasienuommer IT12/2000
- 3 ABC (Edms) Bpk  
Registrasienuommer 1986/000798/07

vir die bedrag van R10 000 000,00 (tien miljoen rand) plus 'n addisionele bedrag van R2 000 000,00 (twee miljoen rand)

waarby verbind is as 'n *eerste* verband sekereGedeelte 45 ('n Gedeelte van Gedeelte 37) van die Plaas Lunsklip 105  
Registrasie Afdeling JT, Provinsie van Mpumalanga  
Groot 2,7814 (twee komma sewe agt een vier) hektaar

Gehou kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Titel T32/2007

EN NADEMAAL genoemde ABC (Edms) Bpk sy hele 1/3 (een derde) aandeel in en tot die voornoemde grond getranspoteer het aan

- 1 Siphiso Nxumalo  
 Identiteitsnommer 550911 5203 08 0 en  
 Nonaindia Nxumalo  
 Identiteitsnommer 590130 0030 00 7  
 getroud binne gemeenskap van goed met mekaar  
 en  
 Siphiso Nxumalo  
 Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
 getroud kragtens die gewoontereg

- 2 die trustees van die Irene Trust  
 Registrasienommer IT12/2000

wat bereid en gewillig is om die aanspreeklikheid van genoemde ABC (Edms) Bpk oor te neem onder genoemde verband en om vir genoemde transportgewer as skuldenaar ingevolge die verband gesubstitueer te word.

SO IS DIT DAT ek, Ben Swart in my hoedanigheid as direkteur en behoorlik daartoe gemagtig kragtens 'n besluit van Backbreak Bank Beperk, kragtens die bepalings van genoemde Wet toestem dat voornoemde transportnemers vir die skuldenaar ingevolge die verband gesubstitueer word, en dat vanaf die datum van uitvoering van die transport die transportgewer vrygestel is van enige verpligtings ingevolge genoemde verband.

Gedateer te Nelspruit op 14 Mei 2014

As getuies:

1 \_\_\_\_\_

2 \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

Handtekening van verbandhouer

En ons,

- 1 Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0 en  
Nonaindia Nxumalo  
Identiteitsnommer 590130 0030 00 7  
getroud binne gemeenskap van goed met mekaar  
en  
Siphiso Nxumalo  
Identiteitsnommer 550911 5203 08 0  
getroud kragtens die gewoontereg
  
- 2 Irene Ferreira in my hoedanigheid as trustee en behoorlik daartoe  
gemagtig kragtens 'n besluit van die trustees van die  
Irene Trust  
Registrasienommer IT12/2000  
welke trustees behoorlik daartoe gemagtig is kragtens magtigingsbrief  
uitgereik deur die Meester van die Hooggeregshof, Pretoria op 15 April  
2000

voornoemde transportnemers, wat bogenoemde toestemming van die wettige houer van die verband gelees het, stem hierby toe om die transport van die grond onderworpe aan sodanige verband aan te neem, en om gesubstitueer te word vir die transportgewer as skuldenaar ingevolge die verband, en aanvaar hierby die volle aanspreeklikheid vir die skuld ingevolge voornoemde verband kragtens die bepaling van genoemde Wet en doen hiermee afstand van die regseksepsie de *duobus vel pluribus reis debendi*, met die krag en uitwerking waarmee ons ten volle vertrou is.<sup>25</sup>

Gedateer te Nelspruit op 14 Mei 2014

As getuies:

1		Siphiso Nxumalo
2		Nonaindia Nxumalo
		I Ferreira nms Irene Trust [15]

---

<sup>25</sup> Artikel 57(4)(b) vereis spesifiek dat indien die eiendom aan twee of meer persone getranspoteer word, hulle oordrag van die grond in onverdeelde aandele moet neem en dat die skriftelike toestemming kragtens artikel 57(1) 'n afstanddoening van die eksepsie *de duobus vel pluribus reis denbendi* moet bevat.



## Vraag 2 - Modelantwoord <sup>26</sup>

[40]

- 2.1 Hereregte is betaalbaar op die billike waarde van die onroerende eiendom. Derhalwe moet hereregte bereken word op R1 300 000,00 (R1 500 000,00 minus die meubels van R200 000,00).

0% op die eerste R600 000,00	=R 0,00
3% op die volgende R400 000,00	=R12 000,00
5% op die volgende R300 000,00	=R15 000,00
<b>TOTALE BEDRAG HEREREGTE BETAALBAAR</b>	<b>=R27 000,00</b>

### 2.2 Verkoper: Pen Pauper:Finale afrekeningstaat: verkoop van Erf 2 Krypton

Per	Koopprijs		1 500 000,00
Aan	Agente kommissie	75 000,00	
Aan	Bydrae tot koste	10 000,00	
Aan	Heffings & belastings	6 000,00	
Aan	Pro rata heffings & belastings ontvang van koper: 1/5-31/5/2013		1 000,00
Per	Okkupasiehuur: Feb 2013		15 000,00
Aan	Okkupasiehuur: Feb 2013 <sup>27</sup>	15 000,00	
Per	Okkupasiehuur: Maart 2013		15 000,00
To	Okkupasiehuur: Maart 2013	15 000,00	
By	Okkupasiehuur: April 2013		15 000,00
To	Okkupasiehuur: April 2013	15 000,00	
To	Verbandkansellasiekoste	1 050,00	
To	Betaal aan McCarthy Motors	90 000,00	
To	Aflosbedrag aan to Slezzy Bank	450 000,00	
	<b>Totaal</b>	<b>677 050,00</b>	
	<b>Verskuldig aan verkoper</b>	<b>868 950,00</b>	
	<b>Balanse</b>	<b>1 546 000,00</b>	<b>1 546 000,00</b>

<sup>26</sup> Byna presies dieselfde vraag is gevra in September 2010 (Deel 1), vraag 2 vir 40 punte en in September 2008 (Deel 1) vraag 1 vir 40 punte..

<sup>27</sup> Volgens die vraag is jou instruksies on die okkupasiehuur aan die verkoper te betaal wanneer dit betaalbaar is. Aan die begin van elke maand moes jy derhalwe die verkoper okkupasiehuur betaal het sy rekening debiteer.

<b>Koper: Richie Rich</b>			
<b>Finale afrekeningstaat - koop van Erf 2 Krypton</b>			
Aan	Koopprys	1 500 000,00	
Per	Verband deur Whobbly Bank Bpk		1 200 000,00
Aan	Ons transportfooi	12 000,00	
Aan	BTW op ons transportfooi	1 680,00	
Aan	Hereregte	27 000,00	
Aan	Ons verbandregistrasiefooi	7 600,00	
Aan	BTW op ons verbandregistrasiefooi	1 064,00	
Aan	Aktekantoorfooi vir transport	1 000,00	
Aan	Aktekantoorfooi vir verbandregistrasie	500,00	
Aan	Pos & diverse vir transport	307,02	
Aan	BTW op pos & diverse vir transport	42,98	
Aan	Pos & diverse vir verbandregistrasie	307,02	
Aan	BTW op pos & diverse vir verband	42,98	
Per	Bydrae tot kostes deur verkoper		10 000,00
Aan	Admin fee vir uitklaringsertifikaat	50,00	
Aan	Pro rata heffings & belastings:1/5-31/5/2013	1 000,00	
Per	Ontvang tov balans koopprys, kostes, hereregte en okkupasiehuur		500 000,00
Aan	Okkupasiehuur: Feb 2013	15 000,00	
Aan	Okkupasiehuur: Maart 2013	15 000,00	
To	Occupational rent: April 2013	15 000,00	
Per	Rente op belegging		7 500,00
	<b>TOTAAL</b>	<b>1 597 594,00</b>	
	Bedrag verskuldig aan koper	119 906,00	
	Balanse	1 717 500,00	1 717 500,00

TRANSPORTBESORGER  
Gabriël Jacobus le Roux

**Aansoek om 'n kontrak op te teken kragtens Artikel 20 van die  
Wet op Vervreemding van Grond 68 van 1981**

Ek, die ondergetekende  
Pieter Uys  
Identiteitsnommer: 650115 5879 08 8  
Ongetroud

verklaar hiermee onder eed dat

- 1 Die ondergemelde eiendom verkoop is kragtens 'n kontrak soos omskryf in die Wet op Vervreemding van Grond 68 van 1981 aan die ondergemelde koper op 22 Junie 2010; en
- 2 Ek doen hierby aansoek by die Registrateur van Aktes te Pretoria om die kontrak teen die titelbewys van die grond op te teken kragtens die bepalings van Artikel 20 van die gemelde Wet; en
- 3 Ek bevestig hiermee dat daar, na die beste van my wete, geen voorafgaande geldende kontrak is wat teen die onderhawige titelakte opgeteken hoef te word nie.

**Besonderhede van die grond en koper**

Die geregistreerde eienaar: a) Pieter Uys  
Identiteitsnommer: 650115 5879 08 8  
Ongetroud

Beskrywing van die grond: b) Erf 78 Danville Dorpsgebied  
Registrasie Afdeling J.R., Gauteng Provinsie  
Groot 1 000 (een duisend) vierkante meter  
Gehou kragtens Transportakte T1234/2000

Koper: c) Hector Winfield  
Identiteitsnommer: 560113 5006 08 2  
getroud, welke huwelik bepaal word deur die  
reg van Frankryk

---

Pieter Uys

---

<sup>28</sup> Hierdie vraag is ook gevra in September 2010 (Deel 1), Vraag 3 vir 15 punte.

Geteken en beëdig voor my te Pretoria op 14 Mei 2014 deur die verklaarder wat erken het dat hy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dat hy dit verstaan en as bindend op sy gewete beskou.

---

Kommissaris van Ede  
(Volle name, adres en hoedanigheid)

KONTRAK OPGETEKEN OP..... DEUR DIE REGISTRATEUR VAN  
AKTES TE PRETORIA

---

REGISTRATEUR VAN AKTES

### Vraag 4 - Modelantwoord <sup>29</sup>

[20]

#### 4.1 Dokumente vir indiening by die aktekantoor

- 1 **Aansoek kragtens artikel 40(1)(b)** van die Boedelwet  
(Artikel 40 bepaal dat indien 'n trustee aangestel is om enige eiendom van 'n oorlede persoon kragtens sy testament te administreer, moet die eksekuteur sodanige eiendom aan die trustee oorhandig nadat die likwidasie en distribusie rekening ingedien is. "Lewering" vind plaas deurdat die eksekuteur die bepalings van die testament teen die titelakte en verbandakte moet laat aanbring)
- 2 **Huidige verbandakte B12/2008**  
(Die verbandakte moet ingedien word vir die aanbring van die endossement daarop)
- 3 Afskrif van die **testament**, gesertifiseer deur die Meester en geëndosseer as aanvaar deur hom  
(Die aktekantoor moet verseker dat die endossement in ooreenstemming met die bepalings van die testament is)
- 4 Aangesien 'n verbadn geag word roerend te wees, moet 'n artikel 42(1) van die Boedelwet transportbesorgersertifikaat **nie ingedien word nie**. Hierdie sertifikaat word slegs ingedien met betrekking tot onroerende eiendom.

---

<sup>29</sup> 'n Soortgelyke vraag is gevra in Mei 2012 (Deel 1), vraag 2 vir 25 punte.

TRANSPORTBESORGER  
Gabriël Jacobus le Roux

**Aansoek kragtens artikel 40(1)(b)**  
van Wet 66 van 1965

Ek die ondergetekende

Grant Strong

in my hoedanigheid as eksekuteur in die boedel van wyle Brian Strong  
behoorlik daartoe gemagtig kragtens eksekuteursbrief 1234/2012 uitgereik  
deur die Meester van die Hooggeregshof, Durban gedateer 12 Maart 2012

doen hierby aansoek by die Registrateur van Pietermaritzburg vir die endossering  
van -

Verband

B12/2008

gepasseer deur

Angela Botha

Identiteitsnommer 590103 3020 08 1

Weduwee

ten gunste van

Brian Strong

Identiteitsnommer 651204 5789 08 7

Ongetroud

vir die bedrag van

R1 200 000,00 (een miljoen twee honderd duisend  
rand) plus 'n bykomende bedrag van R240 000,00  
(twee honderd en veertig duisend rand)

kragtens artikel 40(1)(b) van die Boedelwet 66 van 1965 tot die effek dat die  
saaklike regte in die verband namens die begunstigdes deur die trustees aangestel  
kragtens die testament gedateer 11 Julie 2007 van die wyle Brian Strong  
geadministreer sal word.

Geteken te Durban op 14 Mei 2014

---

Grant Strong  
[10]

TRANSPORTBESORGER  
Gabriël Jacobus le Roux

## Toestemming tot gedeeltelike betaling

Ek, die ondergetekende

Grant Strong in my hoedanigheid as trustee<sup>30</sup> van die Brian Strong Familie Trust, Registrasienommer MT124/2012

behoorlik daartoe gemagtig kragtens magtigingsbrief uitgereik deur die Meester van die Hooggeregshof, Durban op 23 Junie 2012

synde die wettige houer van -

Verband	B12/2008
gepasseer deur	Angela Botha Identiteitsnommer 590103 3020 08 1 Weduwee
ten gunste van	Brian Strong Identiteitsnommer 651204 5789 08 7 Ongetroud
vir die bedrag van	R1 200 000,00 (een miljoen twee honderd duisend rand) plus 'n bykomende bedrag van R240 000,00 (twee honderd en veertig duisend rand)

stem hierby toe dat die notering van 'n gedeeltelike betaling van R500 000,00 (vyf honderd duisend rand) teen bogemelde verband geregistreer word.

Geteken te Durban op 12 November 2014.

As getuies:

1 \_\_\_\_\_

2 \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_  
G Strong nms Brian Strong Familie Trust  
[10]

<sup>30</sup> Of indien geen naam aan die trust toegeken was nie, kan "trustee" gevolg word deur die woorde "van die trust geskep kragtens die testament in die boedel van wyle Brian Strong...".

## Vraag 5 - Modelantwoord

[10]

Hierby word bekendgemaak

DAT Erinda Frantzen voor my, die Registrateur van Aktes, verskyn het te Pretoria, die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n volmag aan haar verleen deur

- 1 Petrus Wessels  
Identiteitsnommer 481230 5693 08 7  
Wewenaar  
(As fiduciarius)
  
- 2 Willem Wessels  
Identiteitsnommer 721201 5369 08 7  
Getroud binne gemeenskap van goed met Tiffany Wessels, met die uitsluiting van die gemeenskap van goed met betrekking tot die ondergemelde eiendom op grond van die bepalings vervat in die testament van wyle Anna Wessels gedateer 3 Februarie 2000  
(As fideicommissarius)

gedateer die 1ste dag van Mei 2014 en geteken te Pretoria

EN die genoemde komparant het verklaar dat sy prinsipale op 10 Februarie 2014 die binnegemelde eiendom waarlik en wettiglik verkoop het aan die hiernagemelde transportnemer

EN DAT sy in haar voornoemde hoedanigheid hierby sedeer en transporteer aan en ten gunste van

Uys Supermarket (Edms) Bpk  
Registrasienommer 1990/032567/07  
diese opvolgers in titel of regsverkrygendes

in volle en vrye eiendom ...

**Die modelantwoorde vir vrae 6 en 7.1 kan op bl 25 gevind word.**

TRANSPORTBESORGER  
Gabriël Jacobus le Roux

### **Volmag om transport te gee**

Ek, die ondergetekende,

Aletta Howard in my hoedanigheid as eksekutrise in die boedel van wyle Joseph Howard  
Boedelnommer 2368/2012  
behoorlik daartoe gemagtig kragtens eksekuteursbrief uitgereik deur die Meester van die Hooggeregshof, Kaapstad op 1 Julie 2012<sup>31</sup>

nomineer en stel hiermee aan Gabriël Jacobus le Roux en/of Erinda Frantzen met mag van substitusie, om as my wettige gevolmagtigde en verteenwoordiger te verskyn voor die Registrateur van Aktes te Kaapstad daar te verklaar dat ek op 16 Augustus 2012, met die toestemming van die Meester, kragtens 'n private ooreenkoms verkoop het aan

Mary van der Merwe  
Identiteitsnommer 550911 4203 08 0  
getroud buite gemeenskap van goed

vir die bedrag van R1 190 000,00 (een miljoen een honderd en negentig duisend rand) die ondergenoemde eiendom, naamlik:

Gedeelte 1 van Erf 160 Witfield  
in die Stad van Kaapstad, Afdeling Kaap, Provinsie Wes-Kaap

Groot 1000 (een duisend) vierkante meter  
Registrasie Afdeling JT, Provinsie van Mpumalanga

Gehou kragtens Akte van Transport T7536/20002

EN OM die genoemde eiendom in volle en vrye eiendom te transporteer aan die gemelde transportnemer; en afstand te doen van al die reg, titel en aanspraak, wat die gemeenskaplike boedel van wyle Joseph Howard, boedelnommer 2368/2012 en langslewende gade Aletta Howard, voorheen binne gemeenskap van goed met die oorledene getroud, voorheen in en tot genoemde eiendom gehad het en alles

---

<sup>31</sup> Alhoewel die oordrag plaasvind vanuit 'n gemeenskaplike bestorwe boedel, teken slegs die eksekuteur die volmag aangesien hierdie een van die uitsonderings in artikel 21 is waar die langslewende gade die volmag as eksekuteur geteken het.



te doen ewe en kragtiglik in alle opsigte, as ek kon doen indien persoonlik teenwoordig hierin en beloof ek hiermee om te bekragtig en goed te keur alles wat my gemelde prokureur hieromtrent wettiglik doen uit krag van hierdie akte.

GETEKEN te Kaapstad op 14 Mei 2014.

As getuies:

1 \_\_\_\_\_  
2 \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ A Howard  
[13]

### Vraag 6 - Modelantwoord

[15]

6.1 Erf 50 Bela Bela Uitbreiding 60 Dorpsgebied  
Registrasie Afdeling K.R., Noordelike Provinsie

Groot 800 (agt honderd) vierkante meter

Soos aangedui op Algemene Plan L.G. Nr. 10/2011 en gehou kragtens  
Sertifikaat van Dorpstitel T55/2010

[6]

6.2 Aanvanklike oorgedra en steeds gehou kragtens Akte van Transport T3/2012  
met Algemene Plan L.G. Nr. 10/2011 wat daarop betrekking het.

[6]

6.3.1 Die geregistreerde eienaar moet aansoek doen vir die uitreiking aan hom  
van 'n sertifikaat van geregistreerde titel kragtens die bepalings van artikel  
43 van die Registrasie van Akteswet ten opsigte van die opgemete gedeelte  
wat in sy naam geregistreeer moet bly.

[1]

6.3.2 Aanvanklik oorgedra kragtens Akte van Transport T3/2012 met Algemene  
Plan L.G. Nr. 10/2011 wat daarop betrekking het en gehou kragtens Akte  
van Transport T22/2013.

[2]

### Vraag 7 - Modelantwoord (vervolg)

[15]

7.1 Die Meester moet toestem tot die transport. Daar moet gereël word dat die  
Meester die volmag om oordrag te gee endosseer kragtens artikel 42(2) van  
die Boedelwet waarin hy stel dat hy nie enige beswaar teen die  
binne gemelde transport het nie.

[2]

**TOTAAL: [200]**

# Modelantwoorde vir die Transportbesorgingseksamen

## Mei 2014

### Deel 2

#### Selfstudie Aktekursus

---

##### Vraag 1 - Modelantwoord

[4]

Artikel 18(3) van die Boedelwet bepaal onder andere dat die Meester opdrag aan die verteenwoordiger kan gee aangaande die wyse waarop die boedel beredder en verdeel moet word. Die magtigingsbrief wat deur die Meester aan die verteenwoordiger van 'n artikel 18(3) boedel uitgereik word gee opdrag dat sodanige verteenwoordiger beheer van die bates neem, die skuld moet betaal en dit wat in die boedel oorbly, aan die erfgename wat daarop geregtig is, moet oordra. Hierdie magtiging sluit nie die verkoop van bates in nie. Indien die Meestersverteenwoordiger die onroerende eiendom moet verkoop, moet 'n verdere opdrag wat die verkoop magtig vanaf die Meester kragtens artikel 18(3) verkry word.

Die verteenwoordiger mag verder nie voortgaan met die transport sonder die skriftelike toestemming van die Meester nie.<sup>32</sup> Die toestemming word op dieselfde manier bekom as 'n toestemming kragtens artikel 42(2) van die Boedelwet.

##### Vraag 2 - Modelantwoord

[2]

Artikel 18(3) bepaal dat indien die waarde van enige boedel nie die bedrag vasgestel deur die Minister oorskry nie, die Meester van die aanstelling van 'n eksekuteur kan afsien en opdrag gee aangaande die wyse waarop so 'n boedel beredder en verdeel moet word. 'n Verteenwoordiger aangestel kragtens artikel 18(3) wat poog om 'n boedel wat meer is as die vasgestelde bedrag (tans R125 000) te beredder en te verdeel, oorskry sy magtiging en handel derhalwe onregmatig. Derhalwe, indien na die aanstelling van 'n verteenwoordiger (AB) die waarde van die eiendom, insluitende onroerende goed, R125 000 oorskry word die aanstelling van die verteenwoordiger outomaties ongeldig. AB moet derhalwe die aangeleentheid terug na die Meester verwys vir herroeping van die aanstellingsbrief en vir die uitreik van 'n eksekuteursbrief.

---

<sup>32</sup> Registrateurskonferensiebesluit 46/2008.

### Vraag 3 - Modelantwoord

[2]

Hereregte is deur die seun op die billike waarde van die eiendom soos op datum van skenking betaalbaar. Skenkingsbelasting is deur die skenker betaalbaar. Daar is egter 'n vrystelling met betrekking tot skenkingsbelasting naamlik die waarde van die eiendom wat geskenk word deur 'n natuurlike persoon in 'n jaar van aanslag wat nie R100 000,00 te bowe gaan nie. Derhalwe, indien die vader nog nie ander skenkings gemaak het nie, sal die eerste R100 000,00 van die waarde van die eiendom vrygestel wees van die betaling van skenkingsbelasting.<sup>33</sup> Vir die balans van die waarde van die eiendom, sal die vader aanspreeklik wees vir skenkingsbelasting teen 'n koers van 20% op sodanige waarde.

### Vraag 4 - Modelantwoord

[5]

Hereregte is 'n tipe belasting wat kragtens die Wet op Hereregte op die waarde van enige eiendom gehef word wat deur enige persoon by wyse van 'n transaksie of andersins verkry is vir die voordeel van die Nasionale Inkomste Fonds. Artikel 2 van die Wet op Hereregte maak voorsiening vir die hef van hereregte op -

- 1 die waarde van enige eiendom wat deur enige persoon by wyse van 'n transaksie of op enige ander wyse verkry is, of
- 2 die bedrag waarmee die waarde van die eiendom verhoog is as gevolg van die afstanddoening van 'n belang in of beperking op die gebruik van of beskikking oor sodanige eiendom.

“**Eiendom**” beteken -

- 1 grond en enige aanhegtings daaraan; en ook
- 2 enige saaklike reg in grond, uitgesluit regte onder 'n verband of 'n huurkontrak;
- 3 'n aandeel of ledebelang in 'n residensiële eiendomsmaatskappy;
- 4 'n voorwaardelike reg in enige residensiële eiendom gehou deur 'n trust

### Vraag 5 - Modelantwoord

[8]

#### 5.1 Blote eiendom

Indien 'n persoonlike serwituut oor grond geregistreer is, sal die geregistreerde eienaar van sodanige grond die eienaar van die blote eiendom wees. Met ander woorde, sy eiendomsreg in die grond word beperk deur die regte van die serwituuthouer en die regte wat hy in sodanige grond het word dan die blote eiendom genoem. [2]

---

<sup>33</sup> Artikel 56(2)(b) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

## 5.2 Vruggebruik

Dit is 'n persoonlike serwituut wat die vruggebruiker 'n beperkte saaklike reg verleen om 'n ander se eiendom te gebruik asook om die vrugte daarvan in te samel (die opbrengs daarvan te gebruik), met die plig om die eiendom uiteindelik aan die eienaar terug te besorg. [2]

## 5.3 Woonreg (habitatio)

Dit verleen aan 'n persoon die reg om 'n ander persoon se huis te bewoon. Anders as in die geval van gebruik (usus) mag die houer van hierdie reg die huis verhuur. Bewoning verval by die afsterwe van die bewoner of by verstryking van die tydperk waarvoor dit verleen is. [2]

## 5.4 Serwituut

'n Serwituut is 'n saaklike reg wat een persoon het oor die eiendom van 'n ander, welke reg aan die serwituuthouer die bevoegdheid verleen om 'n bepaalde reg of voordeel oor die eiendom van die eienaar uit te oefen of om die eienaar te verhinder om een of ander van sy normale regte as eienaar uit te oefen. [2]

## Vraag 6 - Modelantwoord

[9]

6.1 Dit is 'n persoonlike serwituut aangesien dit ten gunste van 'n persoon geregistreer is.

### Persoonlike serwituut:

'n Persoonlike serwituut word geregistreer teen grond ten gunste van 'n natuurlike of ander persoon. 'n Persoonlike serwituut het derhalwe slegs 'n dienende eiendom en word deur die houer daarvan geniet in sy persoonlike hoedanigheid. Die saaklike reg in 'n persoonlike serwituut kleef derhalwe aan die persoon. 'n Persoonlike serwituut is gewoonlik vir die lewensduur van die houer daarvan of vir 'n beperkte of gespesifiseerde tydperk.

### Grondserwituut:

'n Grondserwituut word geregistreer oor 'n dienende eiendom ten gunste van 'n heersende eiendom. 'n Grondserwituut is derhalwe nie 'n serwituut ten gunste van 'n ander persoon nie maar ten gunste van 'n ander stuk grond. Die saaklike reg in 'n grondserwituut kleef aan die grond. Daar moet altyd twee eiendomme wees, 'n heersende en dienende eiendom. 'n Grondserwituut is gewoonlik ewigdurend. [4]

6.2 John Black kan 'n onderhandse afstanddoening van sy reg in die eiendom onderteken. By 'n Registrateurskonferensie<sup>34</sup> is besluit dat die afstanddoening van 'n persoonlike serwituut die effek het dat sodanige reg verval. Die eienaar van Erf 5 Bloemfontein kan derhalwe 'n aansoek kragtens artikel 68(1) van die Registrasie van Akteswet onderteken vir die notering van die verval van die voorwaarde vir indiening by die aktekantoor.

**Dokumente vir indiening by die aktekantoor:**

- 1 **Aansoek** deur die eienaar van die beswaarde grond kragtens artikel 68(1)
- 2 **titelakte** van Erf 5 Bloemfontein
- 3 **bewys** dat die serwituut verval het (onderhandse afstanddoening)
- 4 **hereregtekwtansie** of -vrystellingsertifikaat<sup>35</sup> [5]

**Vraag 7 - Modelantwoord**

**[10]**

Aangesien B nie die geheel van sy onverdeelde aandeel in die eenheid en uitsluitlike gebruiksgebied onderskeidelik aan C wil oordra en sedeer nie, maar slegs 'n breukdeel daarvan, is dit verpligtend om eers aansoek te doen vir -

- a) die uitreik van 'n sertifikaat van geregistreerde deeltitel kragtens artikel 15B(5) van die Wet op Deeltitels vir sy onverdeelde aandeel in die eenheid; en
- b) 'n sertifikaat van saaklike reg van uitsluitlike gebruiksgebied vir sy onverdeelde aandeel in die uitsluitlike gebruiksgebied - (artikel 15B(5)(a)).

Gelyktydig met die transport en sessie van die breukdeel van die aandeel in die eenheid en uitsluitlike gebruiksgebied onderskeidelik moet 'n toestemming ingedien word deur Ouch Bank in die voorgeskrewe vorm AM uitgereik onder die Wet op Deeltitels tot die ontheffing van die breukdeel van B se aandeel in die eenheid en uitsluitlike gebruikgebied uit die werking van die verband.

Alhoewel artikel 15B(5) bepaal dat die verpligtend is om aansoek te doen vir 'n sertifikaat van geregistreerde deeltitel (vir 'n breukdeel van 'n aandeel in 'n eenheid) en sertifikaat van saaklike reg (vir 'n breukdeel van 'n aandeel in 'n uitsluitlike gebruiksgebied) wanneer verlang word dat 'n verband oor daardie breukdele geregistreer moet word, sal dit slegs van toepassing wees in daardie gevalle waar

---

<sup>34</sup> RKB39/1972 en 29/1990.

<sup>35</sup> Die enigste geval waar dit nie nodig is om hereregtedokumente in te dien nie, is waar die serwituut sy tyd uitgedien het, wat nie hier die geval is nie.

die breukdele nog saam met ander aandele van ander mede-eienaars kragtens een titelakte gehou word. Wanneer die oordrag en sessie van die breukdeel van die aandele plaasvind, sal daardie breukdele kragtens aparte titelaktes gehou word wat dit moontlik maak om die nuwe verband ten gunste van Knypjou Bank daaroor te registreer sonder dat 'n sertifikaat van geregistreerde deeltitel of sertifikaat van saaklike reg kragtens artikel 15B(5) uitgereik hoef te word.

### **Dokumente vir indiening by die aktekantoor:**

- 1 Indienomslag 1: aansoek vir Sertifikaat van Geregistreerde Deeltitel
  - 1 **Aansoek** kragtens artikel 15B(5) vir die uitreiking van 'n Sertifikaat van Geregistreerde Deeltitel vir die ½ aandeel in die eenheid;
  - 2 **konsep sertifikaat van geregistreerde deeltitel** mbt die aandeel in die eenheid;
  - 2 akte van transport **ST12/2012**;
  - 3 verband **SB14/2012**.
  
- 2 Indienomslag 2: aansoek vir Sertifikaat van Saaklike Reg
  - 1 **Aansoek** kragtens artikel 15B(5) vir die uitreiking van 'n Sertifikaat van Saaklike Reg vir die ½ aandeel in die uitsluitlike gebruiksgebied;
  - 3 **konsep sertifikaat van saaklike reg** vir die ½ aandeel in die uitsluitlike gebruiksgebied;
  - 2 Sertifikaat van Saaklike Reg van Uitsluitlike Gebruiksgebied **SK14/2012**.
  
- 3 Indienomslag 1: transport
  - 1 **Konsep transportakte** mbt breukdeel van ½ aandeel van B in die eenheid;
  - 2 **volmag** om oordrag te gee van die breukdeel van die ½ aandeel van B in die eenheid;
  - 3 **hereregtekwitansie** (waarop die breukdele van die ½ aandele in die eenheid sowel as in die uitsluitlike gebruiksgebied aangetoon word);
  - 4 **artikel 15B(3))(a) transportbesorgersertifikaat** met betrekking tot die transport van die breukdeel van die aandeel in die eenheid;
  - 6 **uitklaringertifikaat** van die munisipaliteit mbt die eenheid en uitsluitlike gebruiksgebied
  
- 4 Indienomslag 2: sessie
  - 1 notarieël verlyde **notariële akte van sessie** van die breukdeel van die ½ aandeel in die uitsluitlike gebruiksgebied.

(Die hereregte en uitklaringcertifikaat mbt die uitsluitlike gebruiksgebied is in nommer 3 van die stel ingedien)

5 Indienomslag 5: ontheffing:<sup>36</sup>

1 **toestemming deur Ouch Bank tot die ontheffing** van die breukdeel van die ½ aandeel in die eenheid en uitsluitlike gebruiksgebied uit die werking van die verband.

6 Indienomslag 6: nuwe verband:

1 **nuwe deelverband** oor die breukdeel van die ½ aandeel in die eenheid en uitsluitlike gebruiksgebied ten gunste van Knypjou Bank.

## Vraag 8 - Modelantwoord

[10]

8.1 **Aanvaarding van die begroting van die regspersoon**

gewone besluit (deur gewone meerderheid) by die algemene jaarlikse vergadering word vereis.<sup>37</sup>

[1]

8.2 **Magtiging om grense van 'n deel uit te brei**

spesiale besluit deur die regspersoon.<sup>38</sup>

[1]

8.3 **Byvoeging tot, wysiging of herroeping van gedragsreëls**

spesiale besluit deur die regspersoon.<sup>39</sup>

[1]

8.4 **Magtiging dat deel of uitsluitlike gebruiksgebied aangewend word vir 'n ander doel as wat op die deelplan getoon word**

skriftelike toestemming van al die lede van die regspersoon.<sup>40</sup>

[1]

8.5 **Om grond aan te koop of andersins te verkry om die gemeenskaplike eiendom uit te brei**

---

<sup>36</sup> In die Kaapstadse aktekantoor sal die ontheffing eerste geskakel word en daarna die transport, sessie en ander indienomslae.

<sup>37</sup> Bestuursreëls 31(2), 36 en 56.

<sup>38</sup> Artikel 24(3).

<sup>39</sup> Artikel 35(2)(b).

<sup>40</sup> Artikel 44(1)(g).

- skriftelike toestemming van al die lede van die regspersoon.<sup>41</sup> [1]
- 8.6 **Terugtrekking van die bestuursagent se aanstelling**  
spesiale besluit.<sup>42</sup> [1]
- 8.7 **verwyderling/ontheffing van die voorsitter**  
gewone meerderheidsbesluit deur die regspersoon by 'n spesiale vergadering.<sup>43</sup> [1]
- 8.8 **Besluit dat die regspersoon versekering uitneem vir meer as die voorgeskrewe risiko's**  
spesiale besluit.<sup>44</sup> [1]
- 8.9 **Byvoeging tot, wysiging of herroeping van bestuursreëls**  
eenparige besluit deur die regspersoon.<sup>45</sup> [1]
- 8.10 **Aanbeveling dat die regspersoon al die of 'n gedeelte van die gemeenskaplike eiendom vervreem of verhuur**  
eenparige besluit.<sup>46</sup> [1]

## **Vraag 9 - Modelantwoord** [5]

Alhoewel Gedeelte 10 ('n Gedeelte van Gedeelte 5) nie deur die hoofserwituut geraak word nie, word dit wel geraak deur die bykomende regte en derhalwe moet die serwituut na die konseptransportakte vir Gedeelte 10 vorentoe gedra word. Die bykomende regte raak egter die geheel van die eiendom waarteen die serwituut oorspronklik geskep was (met ander woorde Gedeelte 5 van die Plaas Blydepoort) en die serwituut sal derhalwe as volg gekwalifiseer moet word:

“Die voormalige Gedeelte 5 van die Plaas Blydepoort 123, Registrasie Afdeling J.R., Provinsie van Gauteng, 'n gedeelte waarvan hiermee getranspoteer word, is onderhewig aan 'n kraglyn serwituut ten gunste van Eskom, met bykomende regte,

---

<sup>41</sup> Artikel 26(1).

<sup>42</sup> Bestuursreël 47(iii).

<sup>43</sup> Bestuursreël 19.

<sup>44</sup> Artikel 37(1)(g) en bestuursreël 29(3).

<sup>45</sup> Artikel 35(2)(a).

<sup>46</sup> Artikel 17(1).



soos meer volledig blyk uit Notariële Akte K12/1954".<sup>47</sup>

## Vraag 10 - Modelantwoord

[5]

10.1 Nee, die stelling is nie korrek nie. Artikel 67 van die Registrasie van Akteswet bepaal dat 'n persoonlike serwituut <sup>48</sup> direk in 'n transportakte voorbehou kan word (met ander woorde in die volmag geskep kan word en vandaar na die transportakte vorentoe gedra word) indien die voorbehoud ten gunste van -

- a) die transportgewer; of
  - b) die transportgewer en sy of haar gade of die langsewende van hulle, indien hulle binne gemeenskap van goed met mekaar getroud is; of
  - c) die langsewende gade indien oordrag plaasvind vanuit 'n gemeenskaplike boedel van gades wat binne gemeenskap van goed met mekaar getroud was,
- is.

[4]

10.2 Indien die fideicommissarius sterf voordat oordrag in sy of haar naam plaasgevind het, verval die fideicommissum en die grond is derhalwe nie meer aan die fideicommissum onderhewig nie. Die fiduciarius sal dan die volle eienaar van die grond word sonder enige beperking deur die fideicommissum.<sup>49</sup>

[1]

---

<sup>47</sup> Hierdie kwalifikasie sal geldig wees vir die aktekantore in die voormalige Transvaal (Pretoria, Johannesburg en Nelspruit) sowel as Kimberley en Pietermaritzburg.

In die Kaapstad aktekantoor, moet die voorwaarde ook na die konseptransportakte vorentoe gebring word, maar daar moet slegs 'n verwysing na die skeppingsakte gemaak word. Die voorwaarde sal as volg vorentoe gebring word:

"Onderhewig aan 'n kraglyn serwituut ten gunste van Eskom, met bykomende regte, soos meer volledig blyk uit Notariële Akte K12/1954".

Indien daar dan vasgestel moet word hoe die serwituut jou stuk grond raak, kan daar dan na die skeppingsakte gekyk word.

<sup>48</sup> In RKB17/1974 het die Registrateurskonferensie besluit dat 'n voorwaarde wat 'n fideicommissum daarstel die status van 'n persoonlike serwituut toegedig kan word.

<sup>49</sup> Die vraag is effens onduidelik gestel in die Afrikaans aangesien daar nie vasgestel kan word of hulle praat van die oordrag aan die fiduciarius of die fideicommissarius nie. Dit help baie keer om die Engelse vraag te lees soos in hierdie geval, wat meer duidelikheid bied.

## Vraag 11 - Modelantwoord

[5]

11.1 Die houer van 'n negatiewe persoonlike serwituut het geen positiewe regte wat hy op die eiendom van die eienaar van die grond kan uitoefen nie, maar indien die eienaar sekere van sy regte as eienaar daarop wil uitoefen, is hy onderworpe aan die houer van die serwituut se vetoreg wat in die voorbehoud geskep is, byvoorbeeld die eienaar mag nie die grond transporteer sonder die vooraf skriftelike toestemming van die trustees van die Blue Valley Golf and Country Estate Huiseienaarsvereniging waarvan die transportnemer en sy opvolgers in titel 'n lid sal wees nie.

Kragtens 'n voorbehoudsbepaling tot artikel 65(1) mag 'n negatiewe persoonlike serwituut direk in die transportakte geskep word (met ander woorde in die volmag getik word en vandaar na die konseptransportakte vorentoe gedra word). Die persoon wat daarop geregtig is om die voorwaarde af te dwing moet egter in die transportakte genoem word of sy identiteit moet daaruit vasgestel kan word en daardie persoon moet sy aanname van daardie reg te kenne gee. Die aanvaarding deur die begunstigde van die voorwaarde moet as 'n bykomende ondersteunende dokument by die aktekantoor ingedien word. [4]

11.2 Indien 'n negatiewe persoonlike serwituut vir die eerste keer geskep word, val dit onder die woordoms krywing van "transaksie" in die Wet op Hereregte. Die skep van hierdie voorwaarde sal derhalwe aan hereregte onderhewig wees en 'n hereregtekwitansie of -vrystellingsertifikaat rakende die verkryging van die voorwaarde deur die houer daarvan moet ingedien word.<sup>50</sup>

[1]

## Vraag 12 - Modelantwoord

[10]

12.1 'n Vreemde maatskappy is 'n entiteit wat in 'n ander land buite Suid-Afrika geïnkorporeer is. Dit maak nie saak of dit 'n maatskappy met of sonder winsoogmerk is nie en of hy binne Suid-Afrika sy sake doen of aktiwiteite sonder winsoogmerk bedryf nie.

Waar 'n vreemde maatskappy egter binne Suid-Afrika sake doen of aktiwiteite sonder winsoogmerk verrig, kwalifiseer hy as 'n buitelandse maatskappy wat ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008 as sodanig in Suid-Afrika geregistreer moet word. [4]

---

<sup>50</sup> Registrateurskonferensiebesluit 43/2012.

12.2 Kragtens Hoofregistrateursomsenskrywe 28/2013 is dit, in terme van artikel 23(3) saamgelees met artikel 23(2A), onseker of 'n vreemde maatskappy onroerende eiendom kan verkry of 'n verbandhouer kan wees sonder om as 'n buitelandse maatskappy te registreer. 'n Registrateurskonferensiebesluit<sup>51</sup> bepaal derhalwe dat 'n vreemde maatskappy wel eiendom kan verkry en as verbandhouer kan optree op voorwaarde dat die transportbesorger die Registrateur van Aktes van dokumentêre bewys voorsien (byvoorbeeld 'n ouditeursertifikaat of beëdigde verklaring deur die direkteur van sodanige vreemde maatskappy) tot dien effekte dat die maatskappy nie as 'n buitelandse maatskappy kragtens artikel 23(2) hoef te registreer nie. [3]

12.3 'n Buitelandse maatskappy moet beskryf word deur na sy **naam en agtervoegsel** soos weerspieël op sy registrasiesertifikaat of soortgelyke dokument te verwys ('n buitelandse maatskappy geregistreer in Suid-Afrika neem presies dieselfde naam en agtervoegsel aan as waarmee dit oorsee geregistreer is), gevolg deur die **land van inkorporasie** en die **registrasienuommer** toegeken deur die kommissie (CIPC), byvoorbeeld Blou Berg (Edms) Bpk (geïnkorporeer in Australië) Registrasienuommer 2014/002359/10

(Let wel: Die agtervoegsel (Edms) Bpk is deur die betrokke owerheid in Australië aan die naam van die maatskappy toegeken en sal ook op die registrasiesertifikaat uitgereik deur die CIPC aangetoon word). [3]

## Vraag 13 - Modelantwoord

[5]

Bykomend tot voldoening aan enige vereistes of voorwaardes vervat in die maatskappy se akte van oprigting (maar ongeag enige bepaling in 'n maatskappy se akte van oprigting, tot die teendeel) mag die direksie slegs finansiële bystand magtig indien -

- a) die spesifieke verlening van finansiële bystand -
  - i) ingevolge 'n aandeeskema vir werknemers is wat aan die vereistes van artikel 97 voldoen; of
  - ii) ingevolge 'n spesiale besluit van die aandeelhouders is wat aangeneem is binne die vorige twee jaar en wat bystand vir daardie spesifieke ontvanger of 'n kategorie van potensiële ontvangers waarin die spesifieke ontvanger val, goedkeur; en
- b) die direksie oortuig is dat -
  - i) die maatskappy onmiddellik nadat die finansiële bystand verleen is, aan die solvensie- en likiditeitstoets sal voldoen; en

---

<sup>51</sup> 47/2011.

- ii) die bepalings waarkragtens finansiële bystand volgens voorneme verleen gaan word, vir die maatskappy billik en redelik is.

Finansiële bystand mag egter nie verleen word tot die omvang wat die maatskappy se akte van oprigting anders bepaal nie.

## Vraag 14 - Modelantwoord

[4]

Dit is nie vir 'n maatskappy nodig om te voldoen aan artikels 112 saamgelees met artikel 115 van die maatskappywet nie waar die transaksie -

- a) die gevolg van 'n ondernemingreddingsplan;
- b) tussen 'n volfiliaal en sy beheermaatskappy;
- c) tussen twee of meer volfiliale van dieselfde beheermaatskappy; of
- d) tussen 'n volfiliaal van 'n beheermaatskappy aan die een kant en sy beheermaatskappy en een of meer volfiliale van daardie beheermaatskappy aan die ander kant,

is.

## Vraag 15 - Modelantwoord

[9]

15.1 'n Aansoek kragtens artikel 45bis(1)(a) van die Registrasie van Akteswet moet by die aktekantoor ingedien word vir 'n endossement waarkragtens Dawn geregtig sal wees om oor die eiendom te beskik asof sy formeel transport op haar naam van Des se aandeel in daardie goed verkry het. [2]

15.2 Die aansoek moet onderteken word deur die persoon wat op die eiendom geregtig is, maw Dawn Lindberg. [1]

### 15.3 **Dokumente vir indiening by die aktekantoor**

- 1 **Aansoek** kragtens artikel 45bis(1)(a)
- 2 **bestaande titelakte** waarkragtens die eiendom gehou word
- 3 **egskeidingsbevel en skikkingsooreenkoms** (gesertifiseer deur die griffier van die Hoë Hof of 'n transportbesorger of notaris)
- 4 **hereregtevrystellingsertifikaat**
- 5 **uitklaringsertifikaat** [4]

15.4 'n Moontlikheid is dat Dawn en die bank 'n aansoek en toestemming (opgestel kragtens voorgeskrewe vorm T) onderteken waarkragtens sy aansoek doen en die bank toestem tot die ontheffing van Des van aanspreeklikheid onder die verband, dat Dawn volle aanspreeklikheid vir alle skulde onder die verband aanvaar en as skuldenaar onder die verband vervang word.

Indien die transport van die eiendom egter gelyktydig met die artikel 45bis(1)(a) aansoek geskakel gaan word vir registrasie, kan die verband eenvoudig gekanselleer word (aangesien dit gekanselleer moet word vir die oordrag om te kan plaasvind) en is dit nie nodig om te voldoen aan artikel 45(2)(c) nie. [2]

## **Vraag 16 - Modelantwoord**

**[6]**

Kragtens artikel 26(1) van die Wet op Vervreemding van Grond mag niemand uit hoofde van 'n vervreemdingsakte mbt 'n erf of eenheid 'n deposito ontvang nie, totdat sodanige erf of eenheid registreerbaar is. Die gedeelte wat verkoop is sal eers registreerbaar wees sodra -

- a) die onderverdelingskaart deur 'n landmeter opgestel en deur die Landmeter-generaal goedgekeur is; en
- b) die munisipaliteit gesertifiseer het dat daar aan al die voorwaardes onderhewig waaraan die onderverdeling goedgekeur is, voldoen is.

Indien die koopkontrak voorsiening maak vir die betaling van 'n deposito aan die verkoper op datum van ondertekening in hierdie geval, sal artikel 26(1) oortree word aangesien die erf nie registreerbaar is nie en die verkoper sal skuldig wees aan 'n misdryf strafbaar met 'n boete en/of tronkstraf.

Artikel 26(3) bepaal egter dat artikel 26(1) nie van toepassing sal wees nie -

- a) indien die koper die deposito in die trusrekening van 'n prokureur of eiendomsagent inbetaal om dit tot voordeel van die verkoper te hou; of
- b) indien die verkoper, voor ontvangs van die deposito, aan die koper 'n onherroeplike en onvoorwaardelike waarborg deur 'n bank of versekeraar voorsien waarkragtens die bank of versekeraar onderneem om die deposito aan die koper terug te betaal indien die erf of eenheid nie registreerbaar is nie.

Ek sal derhalwe voorstel dat 'n bepaling in die koopooorenkoms ingevoeg word waarkragtens die deposito op datum van ondertekening in my trustrekening inbetaal moet word en ten gunste van die koper belê moet word, ten minste totdat sodanige erf registreerbaar word of meer gewoonlik tot datum van registrasie van die gedeelte in die naam van die koper.

## **Vraag 17 - Modelantwoord**

**[1]**

Die afkoelreg sal ook nie van toepassing wees nie waar -

- a) die koper en verkoper voorheen 'n koopooorenkoms aangegaan het met betrekking tot dieselfde eiendom op wesenlik dieselfde terme en

- voorwaardes;
- b) die koper (of voornemende koper) die reg voorbehou het om 'n ander persoon te nomineer of aan te stel om sy of haar regte onder die kontrak oor te neem;
  - c) die koper die grond koop deur die uitoefening van 'n opsie wat oop was vir uitoefening vir 'n tydperk van ten minste 5 dae.

*(Enige van die drie hierbo)*

**TOTAAL: [100]**



Opgestel deur

**Erinda Frantzen**

Bcom (Regte)(UP) LLB (UNISA)

Prokureur, Aktevervaardiger en Notaris van die Hooggeregshof van Suid-Afrika

en

**Gawie le Roux**

BA(Regte)(UP) LLB (UP) BA Honeurs (UNISA)

Prokureur en Aktevervaardiger van die Hooggeregshof van Suid-Afrika

en gepubliseer deur

**Selfstudie Aktekursus BK**

Registrasie nommer 1994/016876/23

Posbus 74047

Lynnwoodrif

0040

Flinders Steeg 451

Lynnwood, Pretoria

**Tel: (012) 361-1715**

**Faks: (012) 361-1108**

**Webtuiste: [www.aktepraktyk.co.za](http://www.aktepraktyk.co.za)**

**BRONNE**

Selfstudie Aktekursus vir Prokureurs

The Consolidated Practice Manuals of the Deeds Office of South Africa

Toepaslike wette, regulasies en voorgeskrewe vorms

Registrateurskonferensiebesluite

SA Deeds Journal